# 058

## Romeine 8:28-30

# Wat elke Christen moet weet

### *Fondamentstene van die geloof*

AH 1

## **Video-opnames**:

Dit is opvallend dat die apostel Paulus, as hy vir die gemeentes bid, soos klokslag vir Geesgewerkte begrip en geheiligde kennis bid (Ef 1:17-18; Fil 1:9-10; Kol 1:9-10). Net so, as hy ná die fundamentele lering van die eerste elf hoofstukke, in Rom 12 begin met sy praktiese oproepe, *"op grond van die groot ontferming van God"*, beklemtoon hy onmiddellik die absolute noodsaaklikheid van waarheidsbegrip vir 'n lewe wat God behaag (Rom 12:2).

*"Ware waarheid"* [1] is nie 'n randsaak nie, dit is lewensbelangrik vir 'n godvrugtige lewe en ware kerkwees en die eer van God. Dit is waarom die apostels, naas sonde, niks met meer felheid weerstaan het as dwaalleer nie.

Die Skrifgedeelte onder ons vergrootglas begin dus baie betekenisvol: "Ons weet ...". Die apostel aanvaar elke Christen weet en verstaan die dinge waarvan hy praat. En inderdaad is die waarhede wat in ekstrakvorm in hierdie drie verse saamgeknoop is, deel van die ABC van die Christelike geloof – nie omdat dit so maklik is nie, maar omdat dit so fundamenteel is. Hy in wie se hart dit gegraveer is, het greep op van die belangrikste hoekpenne van God se heilsopenbaring. Hy het 'n lopersleutel wat een na die ander Skrifgedeelte oopsluit. Hy het 'n kompas wat keer op keer koers gee deur die doolhof van hedendaagse leringe. Hy het 'n onuitputlike bron van innerlike sekuriteit, vrede en vreugde wat hom deur 'n duisend storms dra.

Dr. Martyn Lloyd-Jones sê oor hierdie verse: *"We are considering here one of the most remarkable statements that even this apostle ever made. It is also one of the most comforting statements in the whole range of Scripture. We are surely entitled to say that in respect of the statement of exalted doctrine there is really nothing higher than this. Here is ultimate doctrine."* [2] Hy gaan dan voort en wy 208 bladsye aan die behandeling van verse 28-30 (17 van sy preke op skrif).

## Die konteks

In hierdie hoofstuk wil die apostel diegene wat deur geloof geregverdig is, verseker van hulle uiteindelike redding. Al is daar dus nog baie worstelinge met sonde (7:7vv) en baie lyding (8:17vv), moet hulle weet dat die almagtige en ewig-soewereine God self onfeilbaar besig is om hulle verlossing in hulle uit te werk. Daar is dus hoegenaamd níks wat hulle tot in

---

[1] Francis Schaeffer se uitdrukking.

[2] *The Final Perseverance of the Saints*, The Banner of Truth Trust, 1975; p.159

ewigheid van Sy liefde kan skei nie. Hierin, in die finale analise, lê hulle sekuriteit – en nie in hulle eie vermoëns nie.

Dit is waarom Paulus, wanneer hy in v. 28-30 vyf van die hoofelemente van die reddingsproses noem (hieronder een vir een behandel), hom beperk tot dinge wat God alléén doen. [3]

## Stap vir stap deur die verse

\# Die gelowige se hele lewe, ***"alles"***, moet gesien word in die lig van wat die apostel hier sê. Dit geld dus alles wat or sy pad kom, sonder uitsondering – ook die lyding en gebrokenheid (v. 17 e.vv.) wat sy lewe nou nog kenmerk.

\# Die Grieks van ***"ten goede meewerk"*** dui op 'n samewerking na die goeie toe.[4] Wat is hierdie goeie? Vers 29 is duidelik: *gelykvormigheid aan die beeld van die Seun* (Vgl. Heb 2:10 e.vv.). God is besig om vir Homself 'n huisgesin te skep en Hy gebruik alle lewensomstandighede en -gebeure as instrumente in die proses. Daar is dus planmatigheid, koers, bestemming in die lewe van elkeen wat deel het aan hierdie proses! En vanuit die konteks (v. 31 e.vv.) is dit duidelik dat die Here God self sal toesien dat dit uiteindelik volmaak-suksesvol uitwerk.

\# Maar dit geld nie van alle mense nie. Dit is net waar van diegene wat (vir) God ***"liefhet"***.

Wat beteken dit om Hom lief te hê? Hoe kom dit tot uitdrukking? 1Joh 5:3 gee die antwoord: *Liefde vir God is om Sy gebooie te bewaar*. En om Jesus lief te hê, beteken ook presies dieselfde (Joh 14:21, 23-24; 15:9-10).

\# Waarom het net sekere mense Hom lief? Omdat hulle ***"volgens Sý voorneme geroep"*** is! Hier is géén sprake van menslike inisiatief, willekeur of meriete nie. Agter diegene wie se lewens gekenmerk word deur innige verlange, inspanning, worsteling en trane om hulle liefde vir die Here in gehoorsaamheid tot uitdrukking te bring, sit die uitverkiesende en herskeppende genade van 'n soewereine God.

\# Vers 29 begin met ***"want"***. Hy motiveer dus sy stelling in die vorige vers. Waarom is v. 28 van hulle waar? Omdat hulle opgeneem is in God se ewige verlossingsplan! En oor hierdie plan gaan die apostel nou in v. 29-30 wonderlike dinge sê.

❑ Die mense van wie hier gepraat word, is hulle ***"wat Hy reeds tevore geken het"*** (die NAV se *"lank tevore verkies"* is 'n parafrase, maar teologies in orde). Die idee is nie dat God

---

[3] Daar is uiteraard ook elemente van die reddingsproses waarby die mens wel aktief betrokke is (soos geloof, bekering, heiligmaking, volharding). Maar daarin is op sigself geen grond vir sekuriteit te vind nie, aangesien dit vanweë die mens se betrokkenheid altyd gebrekkig en feilbaar is. Gevolglik werk die apostel nie nou daarmee nie. Nadat hy egter die spyker van *"die groot ontferming van God"* behoorlik ingeslaan het, laat hy wel vanaf Hoofstuk 12 die aksent op die mens se verantwoordelikheid en rol val.

[4] Die Grieks sinspeel op beweging.

vooraf bloot van hulle geweet het nie, maar dat Hy hulle liefgehad het en dus uitgekies het – dat Hy Sy hart as 't ware op hulle gesit het.

Om te *"ken"* dui in die Bybel ten diepste op liefhê, eerder as op verstandelike kennis. (Gen 4:1: *"die mens het sy vrou, Eva, bekén"*). Ander gedeeltes waarin dit duidelik blyk, is o.m. Eks 2:25; Amos 3:2; Jer 1:5; Matt 7:22-23.

Jesus sê dus nie Hy het nie van hulle geweet nie; Hy het juis te véél van hulle geweet – vandaar sy verlossingswerk (1Kor 8:3; 2Tim 2:19. Vgl. Joh 17:3).

Die bepaalde begrip, *"tevore ken"*, word ook op vier ander plekke in die N.T. met God as subjek gebruik: Hand 2:23 en 1Pet 1:20 (Jesus Christus as objek); Rom 11:2 (Jode as objek); 1Pet 1:2 (uitverkorenes as objek). Duidelik beteken dit meer as om bloot vooraf van iets of iemand kennis te dra – dit dui op liefhê, dit praat van verkiesing.

# Nie alleen het God hierdie mense lief nie, Hy het hulle ook ***"bestem"***. Hy het dus 'n plan met hulle. Die Engelse *"predestine"* (NIV) vat die idee goed vas: *Om 'n destinasie of bestemming vooraf vas te maak.*

Hierdie eindbestemming word dan eksplisiet deur die apostel genoem: ***"om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word"***.

❑ Tydens hulle lewe word hulle dan deur God ***"geroep"***. Hoewel die Bybel soms van 'n *"algemene roeping"* praat as dit verwys na die Evangelie-uitnodiging wat tot alle mense gerig word (vgl. Matt 20:16; 22:14), dui *"roeping"* in die Nuwe Testament meestal, soos ook hier, op effektiewe roeping. *Dit is God se skeppende en lewendmakende spreke wat die wedergeboorte in 'n sondaar bewerkstellig en hom so uit sy geestelike dood opwek tot die ewige lewe in Christus*. Presies hier begin die toepassing, die verwerkliking van redding in 'n sondaar se lewe. Só skep God immers altyd – deur sy gesagvolle spreke. Reeds in Gen 1 kom dit nege maal soos 'n refrein: *"God het gesê: Laat ... "*. Vgl. ook Rom 4:17.

Ander Skrifgedeeltes waar roeping so gebruik word, is o.a.: Rom 1:6-7; 1Kor 1:9,26; Gal 1:15; Ef 1:18; Fil 3:14; 2Tim 1:8-9; Heb 3:1; 2Pet 1:10.

Hierdie lewendmakende werk van God geskied, wanneer en soos dit Hom behaag, deur die verkondiging van die Evangelie (Rom 1:16; 10:13-15; 1Kor 1:21; 2Tess 2:14). Die effektiewe roeping (herskeppend, wederbarend) werk dus deur die algemene roeping (die evangelie-uitnodiging en -appél tot alle mense). Hierdie roeping word elders genoem die *lewende* (1Pet 1:23) en *waarheidswoord* (Jak 1:18).

# Geestelik lewend gemaak, stel hierdie mense nou hulle geloofsvertroue in Christus en word hulle deur God ***"geregverdig"*** (OAV; die 2020 & NAV se *"vrygespreek"* laat nie reg geskied aan die ryk en positiewe inhoud van hierdie begrip nie, soos hieronder sal blyk).

Regverdiging (ook regverdigmaking genoem) moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat die gevalle mens 'n dubbele probleem voor God het. 'n dubbelkuur is dus nodig om 'n sondaar te red.

*Enersyds moet die vloek van sy skuld voor God uitgedelg word.*
*Andersyds moet sy onvermoë om God te behaag, aangespreek word.*

Regverdiging is dus 'n dubbele juridiese uitspraak van God t.o.v. alle mense wat

waarlik in Christus as Saligmaker glo.[5]

Agter hierdie uitspraak lê die beginsels van *plaasvervanging* en *toerekening* (Vgl. Rom 4 en 5). Die Seun van God, as Hoof van die nuwe mensheid, het in die plek van God se uitverkorenes kom staan.

Negatief is hulle sondeskuld aan Hom toegereken, teen Sy rekening afgeskryf. Hy is dus met hulle skuld gedebiteer. Dit is egter nie al nie!

Positief word Sy onuitputlike rykdom (Sy volmaakte geregtigheid, Sy gehoorsaamheid aan die Vader) aan hulle toegereken, na hulle rekening oorgeboek. Hulle word dus met Sy gehoorsaamheid gekrediteer.

*Regverdiging is iets wat "in God se boeke" gebeur!*

As God hierdie opgestapelde sondeskuld aan Sy Seun straf, sterf Hy daaronder en ly Hy die helse smart wat hulle toegekom het. Maar in die proses bewerkstellig Hy vryspraak vir sondaars, sodat hulle onskuldig voor God staan (Matt 20:28; Rom 3:25; 2Kor 5:21; Gal 3:13; Kol 2:13-15; 1Tim 2:5-6; 1Pet 2:24).

*Dis egter net die helfte van die wonder van regverdiging.*

Christus se toegerekende geregtigheid maak óók dat hulle in God se boeke die status het van mense wat Sy wet volkome gehoorsaam het (Rom 1:16-17; 3:21-28; 8:33-34; 10:3-4; Fil 3:9) - en as sodanig kwalifiseer vir die ewige lewe!

Hierdie waarheid lê aan die hart van 'n gelowige se redding. As sodanig moet dit diep ingegrafeer wees op die tafels van elke Christen se hart! Bepeins dit weer en weer. Dank die Here weer en weer daarvoor. Omhels dit weer en weer. Verlustig jou lewenslank daarin![6]

*Jesus se passiewe gehoorsaamheid red sondaars dus van die ewige verdoemenis.*
*Sy aktiewe gehoorsaamheid verwerf vir hulle die ewige saligheid.*

❑ Uiteindelik word hierdie mense dan deur God ***"verheerlik"***. Dit verwys na die opstanding uit die dood, wanneer hulle verlossing in Christus tot volmaakte afronding sal kom. Die lang proses van redding kulmineer dan in volkome gelykvormigheid aan die beeld van die Seun (vgl.1Joh 3:2-3).

Die profetiese verlede tyd word, soos hier, gebruik om te beklemtoon dat iets, hoewel dit nog nie plaasgevind het nie, in God se ewige raadsplan vasgelê is en daarom vir seker sal gebeur. Só seker sal dit gebeur, dat dit so goed as reeds gebeur het!

## Redding in Christus is 'n geïntegreerde proses

# Te veel mense dink aan redding as bloot 'n eenmalige gebeurtenis (*"ek het Jesus aangeneem en nou is ek gered vir tyd en ewigheid"*; of *"Ek is in 2014 wedergebore – en dit was dit."*).

Maar die Bybel sê veel meer oor die saak. Verlossing in Christus is eintlik 'n proses – 'n geïntegreerde eenheidsproses.

---

[5] As uitvloeisel van God se lewendmakende roeping, is selfs hierdie geloof 'n gawe van Hom (Ef 2:8-9; Fil 1:29; 2Pet 1:1).

[6] Die leser wat hierdie waarheid verstaan, sal nou insien dat die NAV se vertaling, "vrygespreek" - wat net die eerste komponent hierbo verreken - nie net 'n swak parafrase is nie, maar 'n ernstige waarheidsmistasting. Laat ons dankbaar wees dat die nuwe *Direkte Vertaling* dit regstel.

*Dit begin in die ewigheid voor die grondlegging van die aarde*
*met 'n persoon se uitverkiesing.*
*En dit kom tot 'n afrondende klimaks*
*met die opstanding uit die dood en die gepaardgaande heerlikmaking.*

\#	Betekenisvol is dan ook die drie werkwoordstye wat gebruik word vir redding: *Mens is gered. Jy word gered. Jy sal gered word.*

+	**Verlede tyd**: *Gered van die oordeel van so*nde (regverdiging).
Efesiërs 2:8 (OAV): *"Want uit genade is julle gered ..."* (Eng. "have been saved ...").
2Timoteus 1:9 (NAV): *"Hy het ons gered en geroep ...".*
Titus 3:5: *"... het Hy ons gered ...".*
Die grond van hierdie redding lê in God se genade (Ef 2:8), in God se voorneme en besluit (2Tim 1:9), en in God se barmhartigheid en ontferming (Tit 3:5).

+	**Teenwoordige tyd**: *Gered van die krag van sonde* (heiligmaking).
1Kor 1:18 (NAV): *"Die boodskap van die kruis van Christus is ... vir ons wat gered word ... die krag van God."*
2Kor 2:15 (OAV): *"... die wat gered word ...".*
Vir 'n ware Christen gaan die proses van redding dus daagliks voort – ervaarbaar en waarneembaar.

+	**Toekomstige tyd**: *Gered van die teenwoordigheid van sonde (heerlikmaking).*
Rom 5:9-10: *"Veel meer dan sal ons ... deur Hom gered word ... sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is."* (OAV).
Rom 13:11: *"... ons verlossing is nou nader as toe ons tot geloof gekom het."* (2020).
Heb 9:28: *"so sal Christus ... 'n tweede maal verskyn ... om hulle te verlos"* (2020).
Die afronding, die klimaks, die vervolmaking kom nog.

## Teologiese implikasies

Paulus se sinsbou maak dit duidelik dat hierdie vyf elemente van verlossing soos die skakels van 'n onbreekbare ketting is: *Diegene vir wie God vantevore geken het, hulle (en nét hulle, maar inderdaad hulle álmal) word vantevore verordineer; en hulle wat vantevore verordineer is, hulle (en nét hulle, maar inderdaad hulle álmal) word geroep, ens.*

Hieruit volg 'n paar waarhede van onberekenbare teologiese belang - waarhede wat orals in die Skrif geleer word.

1.	As God Drie-enig 'n mens verlos, is dit iets wat Hý alléén soewerein inisiëer en deurvoer. Soos reeds gesê, is daar wel elemente in 'n persoon se verlossing waarby hy volledig betrokke is, maar hierdie vyf handelinge van God vorm die raamwerk waarbinne al die res plaasvind.

2.	In God se verlossingswerk gaan dit om spesifieke mense.

3. 'n Uitverkorene se verlossing is 'n ewige verlossing: Dit strek vanuit die ewige verlede en vloei in die ewige toekoms in.

4. So 'n verlossing is onverbreekbaar geïntegreerd: As jy dit hoegenaamd ontvang, ontvang jy alles, sonder uitsondering. Met alles word al die elemente van die heilsorde bedoel: uitverkiesing; roeping; wedergeboorte; geloof; regverdigmaking; bekering; aanneming; heiligmaking; volharding; heerlikmaking. [7]

Om dit in Engels te stel: *"It is a package deal; if you have it at all, you have it all"!*

## Twee soorte waarheid

# Sekerlik beleef ons die realiteite van ons eie geloofslewe en van wat om ons aangaan dikwels anders as wat hierdie verse uitspel. Ware gelowiges is pynlik bewus van die gebrokenheid van hulle lewens en van die stryd om op die pad te volhard. En as ons om ons kyk, hoe mense links en regs tot bekering kom, net om na verloop van tyd weer terug te val in wêreldgelykvormigheid – dan maak die gelykenis van die saaier veel meer sin as die verse waarna ons kyk.

*Hoe op aarde kry ek dit reg om aan myself as reverdig voor God te dink?*

# Dit is uiters belangrik om te begryp dat Skrifwaarheid op twee vlakke aan ons gegee word.

Enersyds is daar *belewingswaarheid* – soos ons dit beleef.

Andersyds is daar *wesenswaarheid* – dit wat regtig agter God se skerms gebeur. En hoewel lg. dikwels strydig met die gelowige se belewing is, aanvaar hy dit in die geloof, wetende dat die twee vlakke van waarheid mekaar nie uitsluit nie – omdat beide deur die Heilige Gees geopenbaar is.

+ 'n Alledaagse voorbeeld mag help. As ons sê, die son gaan onder, is dit 'n belewingswaarheid. Tog weet ons die storie agter die storie, die wesenswaarheid, is eintlik dat die aardbol roteer en die horison tussen my en die son inskuif.

+ Die gelykenis van die saaier is belewingswaarheid; Rom 8:28-30 is wesenswaarheid. Trouens, die eerste elf hoofstukke van Romeine (soos ook die eerste gedeeltes van die meeste van Paulus se ander briewe) is grootliks wesenswaarheid. Dis die wonderlike geheimenisse[8] van God se raadsplan en heil wat Hy met Sy kinders deel om hulle tot oorstelpte aanbidding te dring en tot dankbare gehoorsaamheid te bemoedig.

# Waarom sukkel Christene tog so om God se openbaring oor Sy uitverkiesingsliefde te glo? Ander wesenswaarhede, dikwels op dieselfde bladsy geskryf en wat eweneens net in geloof aangeneem kan word (soos dat God hulle regverdig verklaar op grond van Sy Seun se Middelaarswerk), aanvaar hulle dan sondermeer!

---

[7] Bogenoemde volgorde is teologies en leerstellig van die allergrootste belang. Hoewel dit in die eerste instansie 'n *logiese* orde is, is die *kronologiese* uiteraard nie afwesig nie.

[8] Die begrip *"geheimenis"* (Gr. *musterion*) is 'n tegniese begrip in die Nuwe Testament. Dit dui op waarheid wat ons nooit sou geweet het as God dit nie geopenbaar het nie - maar Hy hét dit inderdaad geopenbaar en nou weet ons dit.

## Pastorale effekte

# Sodra 'n gelowige die geïntegreerdheid van God se verlossingsplan begryp, dit werklik in die geloof aanneem en vir homself toe-eien, bring dit 'n innerlike sekuriteit, vreugde en dankbaarheid wat geen geld kan koop nie.

Hy (of sy) weet dat die voortgang en ontwikkeling van sy lewe veilig verpak is in God se ewige en onfrustreerbare raadsplan. Rom 8:31-39 word dan vir hom nie net objektiewe waarheid nie, maar inderdaad belewingswerklikheid. Níks, dit weet hy, kan hom van God se liefde skei nie!

Hierdie vertroostende waarheid maak mens vry om die Here te dien op die enigste manier wat Hom behaag – in dankbare vrede en liefdesvertroue volgens Sy wil, soos duidelik in die Bybel beskryf.

Soveel Christene is gedurig krampagtig op soek na *"die Here se wil"* (té dikwels buite die Skrif om), omdat hulle bang is hulle sal God se wil vir hul lewens mis en teëspoed kry as hulle nie in die sentrum van sy wil – die "veiligste plek" – bly nie. Watter vrymaking hou gelowige omhelsing van Rom 8:28-30 nie vir hulle in nie!

Maar, mag sommige nou wonder, sal dit nie 'n traak-my-nie-agtigheid oor gehoorsaamheid en volharding veroorsaak nie? Sal mense nie dan maar terugsit in die waan dat God alles moet doen nie?

Die ervaring van derduisende deur die eeue is presies die teenoorgestelde. Waarhede soos dié van ons verse sus nie wáre gelowiges nie – dit lanseer hulle! Dis immers waarom die Heilige Gees dit geopenbaar het. Baseer die apostel sy oproep tot heilige toewyding aan die Here nie júís op *"die groot ontferming van God"* nie? Is vernuwing van denke nie júís die sleutel tot 'n lewe volgens God se wil nie? (Rom 12:1-2)

# Leser, het jy die Here waarlik lief? Bevestig jou lewe van daaglikse, intelligente, bewustelike en verantwoordelike gehoorsaamheid dit?

*"Daarom ... **werk** met vrees en bewing aan julle verlossing. **Want** Hy wat die gewilligheid en optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is **God**."* (Fil 2:12-13).

En Hy doen dit, omdat Hy jou van ewigheid af liefhet en onmislukbaar sal toesien dat jy in gelykvormigheid aan die beeld van Sy Seun tot in ewigheid deel van Sy huisgesin sal wees.

***Dien dan die Here met***
***dankbaarheid***
***vrymoedigheid***
***blydskap***
***en 'n onverdeelde hart***

><(((*>

***Nico van der Walt***
***T: 082 848 9396***
***E: nico.vanderwalt@reformed.org.za***
***W: www.imagodei.co.za***